

## HOOFSTUK 8

### ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS

#### 8.1 INLEIDING

Hoofstuk 1 van die navorsingsverslag het 'n algemene oorsig tot die studie gebied deur die probleemformulering en motivering tot die ondersoek te stel, en die navorsingproses wat gevolg is, te verduidelik.

In Hoofstuk 2 is 'n volledige omskrywing van al die dissiplines betrokke by mens-dierinteraksie as studieveld, soos vanuit die literatuurnavorsing geïdentifiseer, gegee. Hoofstuk 3 het Maatskaplike Werk as dissipline uitgelig, en die rol wat die maatskaplike werker in die bevordering van positiewe mens-dierinteraksie kan speel, bespreek.


Die doel met Hoofstuk 4 was om basiese beginsels van multidisiplinêre samewerking te ondersoek wat as vertrekpunte vir die bevordering van samewerking in die studieveld kan dien. Hoofstuk 5 het die kriteria vir die selfstandigheid van 'n studieveld van nader beskou en die studieveld van mens-dierinteraksie, met beskikbare inligting vanuit die literatuur, daaraan gemeet.

Data verkry uit die literatuurnavorsing van Hoofstukke 2 tot 5 het as basis vir die empiriese ondersoek gedien. Die resultate van die empiriese ondersoek is volgens die temas van die hoofstukindeling weergegee in Hoofstuk 6.

Hoofstuk 7 benut al die beskikbare data vanuit sowel die literatuurnavorsing as die empiriese hoofstuk, om 'n strategie ter bevordering van mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika voor te lê.

Vervolgens word 'n skematiese voorstelling gegee van die hoofstukindeling:

**FIGUUR 21 Skematiese voorstelling van die aanbieding van Hoofstuk 8**



## **8.2 ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK: HOOFSTUK 1**

### **8.2.1 SAMEVATTING**

Die studie word ingelei deur 'n kort agtergrondskets van die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband en die bydrae wat dit gelewer het tot die selfstandige ontwikkeling van mens–dierinteraksie as studieveld. Die motivering vir die keuse (en dus die doel) van die ondersoek is om mens–dierinteraksie as selfstandige multidissiplinêre studieveld te bevorder. Faktore wat die bereiking van hierdie doel strem, is as probleemstellings geformuleer.

Die doelwitte van die studie is as navorsingsvrae geformuleer, naamlik:

- ☛ Watter dissiplines is betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie, en wat is die aard van elk se betrokkenheid?
  
- ☛ Wat is die omvang van maatskaplikewerk se betrokkeheid by die studieveld en rol in die multidissiplinêre span?

☛ Hoe behoort multidisiplinêre samewerking in die bevordering van die studieveld daaruit te sien?

☛ Tot watter mate voldoen die studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid?

Die ondersoek het oorwegend 'n kwalitatiewe benadering gevolg, alhoewel kwantitatiewe data benut is ter ondersteuning daarvan. Metodes van data-insameling is aangepas om sodoende eerstehandse kennis, en 'n oorsig van die studieveld mens–dierinteraksie, te verkry. Die soort navorsing wat onderneem is, bevat elemente van sowel basiese- as ontwikkelingsnavorsing. Deur middel van basiese navorsing is die kennisbasis van die studieveld verbreed wat 'n bydrae gelewer het tot teorie-ontwikkeling, terwyl die ontwikkelingsnavorsingskomponent daartoe gelei het dat 'n strategie ter bevordering van die studieveld ontwikkel kon word. Die verkennende ontwerp dien as basis van die ondersoek om insig in die aard en omvang van die multidisiplinêre en selfstandige aard van die studieveld te verkry. Die beskrywende ontwerp is aanvullend benut en verskaf antwoorde op vrae soos wie, wat, waar en hoe. 'n Uitgebreide literatuurondersoek, en 45 persoonlike onderhouds met behulp van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule, is benut om data in te samel. Omdat die grense van die betrokke universum onbekend is, is van 'n nie-waarskynlikheidseleksie steekproef gebruik gemaak, naamlik sneeubal- en doelgerigte steekproefneming.

### 8.2.2 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit die algemene inleiding tot die ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

☛ Verskillende dissiplines het 'n bydrae gelewer tot die ontstaan en ontwikkeling van die studieveld mens–dierinteraksie.

☛ Ten spyte van hierdie bydraes is multidisiplinêre betrokkenheid en samewerking met betrekking tot navorsing, opleiding en praktykprogramme beperk, en word die selfstandige multidisiplinêre ontwikkeling van die studieveld daardeur gestrem.

☛ Mens–dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld kan bevorder word deur die volgende:

- Deur al die dissiplines wat betrokke is te identifiseer en die aard en omvang van hul betrokkenheid te omskryf.
  - Deur die rol wat Maatskaplike Werk in die multidisiplinêre span speel te identifiseer en omskryf.
  - Deur riglyne vir multidisiplinêre samewerking te ondersoek en daar te stel.
  - Deur die mate waarin die studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid voldoen, te bepaal.
- ☛ 'n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings hou die voordeel in dat 'n geïntegreerde antwoord op die navorsingsvrae gebied word.
- ☛ Alhoewel die doelwitte van hierdie studie beter bereik kon word deur 'n kombinasie van basiese- en ontwikkelingsnavorsing, word dit as 'n leemte gesien dat die implementering van die voorgestelde strategie (dit wil sê die laaste stap in die proses van ontwikkelingsnavorsing), nie deel uitgemaak het van die navorsingsproses nie.
- ☛ Die belangrikste nadeel van die verkennende ontwerp is dat dit nie bevredigende antwoorde op die navorsingsvrae bied nie, omdat 'n klein steekproef betrek word. Die kombinasie van verkennende en beskrywende ontwerp kon egter tot 'n groot mate hierdie leemte oorbrug.
- ☛ Die keuse van die eenheid van analise kan die gevaar inhou van 'n ekologiese denkfout. Menings van individue wat 'n spesifieke dissipline verteenwoordig, kon dus nie as verteenwoordigend van daardie dissipline beskou word nie. Die somtotaal van menings was egter van groter waarde vir die studie as die menings per dissipline.
- ☛ Alhoewel doelgerigte- en sneeubalsteekproefneming tydrowend en duur is, het dit die voordeel ingehou dat al die respondente wat by die ondersoek betrek is, 'n belangrike bydrae kon lewer.

### 8.2.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings met betrekking tot die navorsingsproses word voorgestel:

- Die laaste stap in die proses van ontwikkelingsnavorsing behoort ingesluit te word indien soortgelyke studie onderneem word. Die voorgestelde strategie behoort dus geïmplementeer te word om die uitvoerbaarheid daarvan te bepaal.
- Meer proefpersone kan binne elk van die geïdentifiseerde dissiplines betrek word om groter verteenwoordiging te verkry.

## 8.3 DISSIPLINES BETROKKE BY MENS–DIERINTERAKSIE: HOOFSTUK 2

### 8.3.1 SAMEVATTING

Drie-en-twintig dissiplines is geïdentifiseer wat primêr by die studieveld betrokke is. Elkeen van hierdie dissiplines se betrokkenheid word vervolgens kortliks saamgevat:

- Antropologie en Argeologie bied insig in die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband, en verskille in mens- en wêreldbeskouings ten opsigte van mens–dierinteraksie.
- Positiewe mens–dierinteraksie bied geleentheid tot die ontwikkeling en instandhouding van fisiese en verstandelike vermoëns wat een van die doelwitte van Arbeidsterapie is.
- Deur middel van effektiewe ontwerpbeginsels kan die argitek en landskapsargitek die behoeftes van sowel mense as diere, wat dieselfde leefruimtes deel, akkommodeer.
- Verbruikersprofiel stel bemerkers in staat om doelgerigte bemarkingstrategieë daar te stel om produkte en dienste te bied wat positiewe mens–dierinteraksie bevorder. Die reklamewese kan op hul beurt persepsies en houdings rondom positiewe interaksie beïnvloed.
- Fundamentele uitgangspunte en denkrigtings rondom die mens–dierband, die intrinsieke waarde van diere, en die veranderende rol van geselskapsdiere in die samelewing word deur die Filosofie gestimuleer.
- Die fisiologiese basis vir positiewe mens–dierinteraksie ten opsigte van byvoorbeeld bloeddruk, energie, gemoedstoestand en verligting van pyn, het belangrike implikasies

vir die fisiese- en psigiese gesondheid van sowel mense as diere. Sowel die fisioloog as die geneesheer het belang hierby.

- ☛ Die fisioterapeutiese waarde van interaksie met geselskapsdiere hou onder andere verband met spierfunksies, balans en spastisiteit.
- ☛ Die media word beskou as belangrike meningsvormer en word die rol van die joernalis gesien as om die houdings en persepsies van mense ten opsigte van geselskapsdiere positief te beïnvloed.
- ☛ Interaksie met diere is nie afhanklik van effektiewe verbale kommunikasie nie, en dien as hulpmiddel vir die kommunikasiepatoloog in die proses van hulpverlening. Geselskapsdiere bied geleentheid tot kontak sonder die frustrasie of verleentheid wat met 'n spraakgebrek gepaard gaan.
- ☛ Die korrelasie wat daar bestaan tussen gesinsgeweld en dieremishandeling, asook die benutting van geselskapsdiere in die rehabilitasieproses van oortreders, is vir die kriminoloog van waarde.
- ☛ Deur middel van verskillende kunsvorme word die band wat tussen mense en diere bestaan op 'n kreatiewe wyse uitgebeeld.
- ☛ Die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van mens–dierinteraksie binne nege van die diensterreine in Maatskaplike Werk, bevestig die rol van geselskapsdiere in die bevordering van lewenskwaliteit.
- ☛ Die opvoedkundige dra kennis van al die ontwikkelingsfases van die kind, en kan leergeleenthede skep om kennis, houdings en gedrag ten opsigte van geselskapsdiere te bevorder.
- ☛ Die rol wat geselskapsdiere kan speel in die behandeling van angs- en gemoedsversteurings, asook versteurings van denke en gedrag, is vir die psigiater van belang.
- ☛ Publieke Gesondheidsorg fokus op primêre gesondheid en 'n gesonde lewenstyl en lewensomgewing, byvoorbeeld die hantering en voorkoming van oordraagbare siektes.

- ☞ Die regte van diere en diere-eienaars word deur wetgewing, regulasies en beleid beheer en beskerm, en word deur regslui bestuur.
- ☞ Die mens se denke, gevoelens en gedrag sal sy interaksie met diere beïnvloed. Die sielkundige beskik oor die teoretiese vertrekpunte om hierdie interaksies te verklaar en terapeuties te benut.
- ☞ Die veranderende rol van geselskapsdiere in die samelewing, asook die verskille in houding en gedrag teenoor diere wat daar tussen groepe bestaan, is onder andere die studieveld van Sosiologie.
- ☞ Beplanning rondom die fisiese ontwerp en ontwikkeling van die omgewing om voorsiening te maak vir interaksie tussen die mens en die natuur, waarby diere ingesluit kan word, is die taak van die stads- en streekbeplanner.
- ☞ Die skeppingsinklusiewe teologie waardeur die 20<sup>e</sup> eeu gekenmerk word, stel dit dat die liefde van God nie onderling uitsluitend is nie, maar ook diere daarby insluit.
- ☞ Die veearts se kennis van dieregesondheid, dieregedrag, soönose, dierevoeding en omgewingsbestuur, is maar enkele belangrike bydraes wat 'n rol speel in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie.
- ☞ Die gesondheidsvoordele van positiewe interaksie tussen mense en geselskapsdiere is van waarde vir die totale gesondheidspan, wat die verpleegkundige en die geneeskundige insluit.

### 8.3.2. GEVOLGTREKKINGS

Die volgende afleidings kan gemaak word na aanleiding van die identifisering en omskrywing van dissiplines betrokke by die studieveld:

- ☞ Samewerking tussen die antropoloog, sosioloog, filosoof, kunstenaar en teoloog bied perspektiewe ten opsigte van die waarde van die mens–dierband binne verskillende kulture en groeperinge. Hierdie verskille word onder andere beïnvloed deur teologiese uitgangspunte, waarde-oordele en veranderingsprosesse wat binne gemeenskappe plaasvind. Hierdie dinamiese interaksie tussen sisteme gee daartoe aanleiding dat elke

groep of gemeenskap uniek is in sy waarde-oordele ten opsigte van mens–dierinteraksie. Individualisering van elke situasie behoort dus die vertrekpunt te wees in die toepassing van hierdie studieveld, hetsy dit die doel is om opleiding te bied, navorsing te onderneem of mens–dierinteraksieprogramme te implementeer.

- **Arbeidsterapie, Fisioterapie en Kommunikasiepatologie** is almal mediesverwante professies. Hierdie drie professies werk veral in spanverband saam in die rehabilitasieproses van persone met fisiese gestremdhede, langtermynsiektes en beserings, asook kinders met ontwikkelingsagterstande. Ten alle tye word 'n holistiese benadering tot die rehabilitasie van die pasiënt gevolg. 'n Persoon wat byvoorbeeld as gevolg van 'n ongeluk of beroerte 'n breinbesering opdoen, se motoriese en sensoriese vaardighede, spraak, koördinasie, balans en geheue kan aangetas wees, om maar enkele van die komplikasies te noem. Om byvoorbeeld die pasiënt in staat te stel om selffunksionierend ten opsigte van take van die alledaagse lewe te wees, moet die fisioterapeut sy spierfunksies maksimaliseer, die arbeidsterapeut sensoriese stimulasie stimuleer en motoriese vaardighede ontwikkel, en die kommunikasiepatoloog effektiewe kommunikasie bevorder. Die benutting van geselskapsdiere het hierin sowel 'n primêre funksie, byvoorbeeld deur die gebruik van opgeleide dienshonde of terapeutiese perdry, as 'n sekondêre funksie, byvoorbeeld as nie-bedreigende tussenganger tydens 'n terapisessie om aktiwiteit aan te moedig en selfvertroue te bevorder.
- **Die toename in geselskapsdiereienaarskap, verstedeliking, veranderende lewenstyl en lewensomgewing** is maar enkele faktore wat bydra tot die herstrukturering van die ruimte wat mense en diere met mekaar deel. Nie alleen hou dit implikasies in vir die ontwerp en ontwikkeling van die groter omgewing, met ander woorde die rol van die stads- en streeksbeplanner nie, maar veral ook die direkte ruimte wat mense en diere moet deel. Die argitek, interieurontwerper en landskapsargitek kan saamwerk om hierdie benutting van beperkte huis- en tuinruimte so ergonomies vriendelik en prakties moontlik te beplan om sodoende optimale geleentheid tot mens–dierinteraksie te bied.
- **Die waarde wat deur mense aan diere geheg word, het veral in Westerse samelewings, ingrypende ekonomiese implikasies.** Diereprodukte soos dierekosse, speelgoed, versorgingsprodukte, medisyne en ander gesondheidsprodukte soos vitamienes en homeopatiese produkte is een van die vinnig groeiendste markte ter wêreld. Dit is die rol van die bemarker om, deur middel van bemarkingsnavorsing, hierdie verbruikerstendense uit te wys en verbruikersprofile saam te stel sodat die regte teikenmark vir die regte produk geïdentifiseer kan word. Vanweë die positiewe



konnotasie wat deur meeste mense aan diere geheg word, vorm diere dikwels deel van die kreatiewe uitvoering van bemarkingskommunikasie om daardeur aandag op nie-diereprodukte te vestig of om mense se lewenstyl te beïnvloed.

- Kultuur speel 'n belangrike rol in die persepsies en houdings van verskillende groepe ten opsigte van geselskapsdiere. Tydens bemarkingsnavorsing behoort die antropoloog en sosioloog se insette gebruik te word om die waardes en houdings wat die verskillende teikengroepe ten opsigte van diere huldig, vas te stel voordat diere in die kommunikasieboodskap gebruik word. Die rol van die veearts sal ook prominent figureer om te verseker dat die korrekte boodskap met betrekking tot dieregedrag en -behoefes van diere aan die verbruikers gekommunikeer word. Die inligtingsontwerper, verantwoordelik vir die visuele voorstelling van die boodskap, kan hierdie inligting gebruik in ontwerp van promosiemateriaal.
- Die waarde wat mens–dierinteraksie vir die Geneeskunde inhou, word veral deur navorsing op die gebied van die Fisiologie bewys. Die effek van interaksie op bloeddruk en neuro-oordragstowwe by sowel die mens as die dier, hou voordele vir die lewenskwaliteit van albei in. Veral op die gebied van navorsing is samewerking tussen Geneeskunde, Veeartsenykunde en Fisiologie noodsaaklik om bestaande navorsingsresultate ten opsigte van die rol van geselskapsdiere in kardiovaskulêre gesondheid, stres, angs en depressie, Alzheimersindroom, epilepsie en 'n gesonde lewenstyl verder te ondersoek. Met betrekking tot die bevordering van geestesgesondheid en behandeling van geestesiektes, sal die psigiater, psigiatriese verpleegkundige, sielkundige en maatskaplike werker tot die span gevoeg word. Hierdie drie professies tesame met die veeartsenykundige sal, veral in inrigtingsverband, meer direk met die implementering van mens–dierinteraksieprogramme gemoeid wees.
- Die emosionele en fisiologiese voordele wat positiewe mens–dierinteraksie vir die welsyn van geselskapsdiere inhou, en dus die implikasies van negatiewe interaksie, is van belang vir die veearts, regs persoon, kriminoloog, teoloog en filosoof. Diereverwaarlosing en -mishandeling hou onder andere verband met die mens se persepsies en uitgangspunte oor die intrinsieke waarde van diere en hul ervaring van pyn en lyding. Die fisioloog en veearts kan meer lig werp op die vraag na diere se belewenis van, en reaksie op pyn, vrees en ongemak. Hierdie inligting het direkte implikasies op die regte van diere, en gepaardgaande optrede teenoor mense wat hierdie regte van diere ontnem. Nie alleen word daar deur samewerking tussen hierdie dissiplines 'n groter verantwoordelikheid geplaas op geselskapsdiereienaarskap nie, maar

dit plaas ook groot druk op etiese vrae rondom die gebruik van diere in laboratoriums tot uitsluitlike voordeel van die mens.

- Die joernalis kan op verskeie maniere met ander dissiplines saamwerk in die bevordering van die mens–dierband. Die media is 'n belangrike meningsvormer en is in 'n posisie om inligting vinnig by 'n groot deel van die publiek uit te kry. Die media kommunikeer in populêre taal en kan die boodskap van positiewe mens–dierinteraksie aan verskillende teikengroepe oordra. Waardevolle navorsingsresultate is beskikbaar oor die rol van mens–dierinteraksie op die gesondheid en geestesgesondheid van die mens, maar dit moet aan die man op straat geïnterpreteer word om groter toepassingswaarde te hê. Veral resultate van fisiologiese navorsing is moeilik om te interpreteer en sal die joernalis saam met die betrokke dissiplines moet werk om dit in verstaanbare taal oor te dra. Die media is in 'n sleutelposisie om mense te beïnvloed ten opsigte van verantwoordlike geselskapsdierenaarskap. Samewerking met die veearts en publieke gesondheidswerker kan kwessies rondom die behoeftes en gedrag van diere en soönose aanspreek, terwyl samewerking met die regsberoep en stads- en streeksbeplanner belangrike inligting rakende diereverwaarlosing, dieremishandeling en gesonde omgewingsbestuur kan aanspreek.
- Die kriminoloog, in samewerking met die regs persoon en maatskaplike werker, het 'n sleutelrol te speel in die aanspreek van misdaad. Die hoë korrelasie wat uitgewys is tussen geweld teenoor diere en gesinsgeweld, moet in ag geneem word wanneer hierdie sake onder die aandag van die regsberoep gebring word sodat regstellende aksie in sisteemverband kan plaasvind. Indien 'n saak van kindermishandeling by die maatskaplike werker aangemeld word, behoort tekens van geweld in die res van die gesinsisteem by die assessering ingesluit te word. Die maatskaplike werker het 'n verantwoordelikheid teenoor die welsyn van die totale gemeenskap en behoort tekens van dieremishandeling of -verwaarlosing onder die aandag van 'n dierewelsynsorganisasie te bring. Dieselfde verantwoordelikheid berus op inspekteurs van só 'n organisasie of stadsraad, asook die veearts, om soortgelyke gevalle onder die aandag van 'n maatskaplike werker te bring. Misdaad is 'n samelewingsprobleem en kan alleen deur voorkomingstrategieë op die langtermyn aangespreek word. Die kriminoloog is in staat om tendense van misdaad en die profiel van oortreders uit te wys, asook om die effek van rehabilitasieprogramme te evalueer. Hierdie inligting is essensieël in pogings om die siklus van geweld te verbreek.

- Die skoolmaatskaplikewerker kan ook, in samewerking met die opvoedkundige en sielkundige, die probleem van misdaad in skoolverband aanspreek. Deur kinders op 'n vroeë ouderdom respek vir mense, diere en die omgewing aan te leer, kan die fondament vir 'n gesonde waardestelsel gelê word. Verantwoordelike geselskapsdierenaarskap kan in samewerking met die veearts suksesvol by bestaande kurrikula geïnkorporeer word. Deur samewerking tussen die opvoedkundige, maatskaplike werker, sielkundige, rekreasiekundige en veearts, kan mens-dierinteraksieprogramme vir kinders ontwerp word wat nie alleen bogenoemde twee probleme aanspreek nie, maar ook sekondêre doelwitte soos byvoorbeeld selfbeeldontwikkeling, leierskapsontwikkeling, sosiale interaksie, verantwoordelikheid, sinvolle vryetydsbesteding en kreatiwiteit verwesenlik.
- Die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van positiewe mens-dierinteraksie word deurlopend in hierdie studie bevestig en het direkte toepassingswaarde vir al die hulpverlenende professies. Die intensiteit van die mens-dierband hou verband met die mate waarin verlies ervaar word indien hierdie band verbreek word. Die effek wat hierdie verlies op die geestesgesondheid van die mens het, word onderskat. Internasionaal word wye erkenning verleen aan 'Pet loss support', maar in Suid-Afrika is dit by uitsondering dat die hulpverlenende professies bewus is van die belewenis van verlies by sowel mense as geselskapsdiere. Die veearts is meestal die eerste persoon wat gekonfronteer word met hierdie probleem, maar sal selde gebruik maak van die dienste van 'n maatskaplike werker of sielkundige as deel van die hanteringsproses. In dieselfde mate staan maatskaplike werkers en sielkundiges dikwels koud teenoor die kliënt se belewenis van verlies aan 'n geselskapsdier en sal dit selde in ag neem tydens assessering en krisisintervensie. Die maatskaplike werker is ook direk gemoeid met inrigtingsplasing en -versorging en is nie bewus watter effek die geforseerde afstand doen van 'n geselskapsdier op die maatskaplike funksionering van die kliënt het nie.
- Die effek van ontwikkeling op die natuur en omgewing was nog nooit so sigbaar as nou aan die begin van die 21<sup>e</sup> eeu nie. Mense en diere speel 'n sleutelrol in die ekologiese balans wat gehandhaaf behoort te word in die proses van ontwikkeling. Meer as die helfte van huishoudings het geselskapsdiere en maak mens-dierinteraksie 'n noodwendige komponent van die gemeenskap uit. Volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike omgewingsbestuur verplig aktiewe samewerking tussen onder andere die stads- en streeksbeplanner, die maatskaplike werker met kennis van gemeenskapsontwikkeling, die veearts en publieke gesondheidswerker met hul kennis

van oordraagbare siektes, die argitek en landskapsargitek met kennis van ontwerp, en die omgewingsielkundige met kennis van menslike gedrag en reaksie op ontwikkeling.

- ♣ Samewerking tussen dissiplines in hierdie studieveld sal in die volgende eeu al meer prominensie kry. Enkele faktore wat hiertoe sal bydra is: die toename in geselskapsdiereienaarskap, 'n groter bewustheid van die regte van mense en diere, omgewingsverandering en -manipulasie, groter klem op volhoubare ontwikkeling en lewenskwaliteit, ontwikkelings op die gebied van mens- en dieregeneeskunde en etologie, ontwikkelings op die gebied van wetenskap en tegnologie onder ander genetiese ingenieurwese, kloning, xenotransplantasies, kruisteling en biofarmakologie.
- ♣ Etiese kwessies met betrekking tot mens–dierinteraksie sal op die spits gedryf word waarin onder andere sielkundige teorieë oor die mens–dierband, filosofiese en teologiese uitgangspunte oor die intrinsieke waarde van mense en diere, fisiologiese en etologiese bevindings rondom mens–dierinteraksie, die rol van wetenskaplike navorsing op diere tot voordeel van geneeskunde, die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van geselskapsdiere oor die lewensiklus van die mens, en regsuitsprake ten gunste of nie ten gunste van die regte van diere ter sprake sal kom.
- ♣ Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat geen een dissipline uitgelig kan word as dié dissipline wat 'n sentrale rol speel in die bevordering van die studieveld nie. Elkeen van die dissiplines wat toegelig is, het vanuit 'n eie verwysingsraamwerk, navorsing en praktykervaring 'n unieke bydrae te lewer. Dit is onwaarskynlik dat al die dissiplines gelyktydig betrokke sal wees by navorsing en ontwikkeling of praktyktoepassing. Elke situasie leen hom tot 'n geïndividualiseerde benadering wat die samestelling van die span sal bepaal. Enige een van die dissiplines kan dus die inisiatief of leiding neem in die proses.

### 8.3.3 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings hou verband met die identifisering van dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie, en die aard en omvang van elk se betrokkenheid:

- ♣ Binne elk van die geïdentifiseerde dissiplines behoort navorsing gedoen te word om 'n meer volledige beeld van dié dissipline se plek en rol in die multidisiplinêre span te verkry.

- Resultate van navorsing moet op 'n verstaanbare wyse aan die publiek gekommunikeer word en by opleiding geïntegreer word.
- By die implementering van programme behoort, na aanleiding van die situasie en behoeftes ter sprake, geïndividualiseer te word ten opsigte van watter dissiplines 'n bydrae kan lewer. 'n Assesseringsriglyn kan vir hierdie doel saamgestel word.
- 'n Holistiese benadering wat alle sisteme betrokke, byvoorbeeld die organisasie, pasiënt/kliënt, professionele persone, geselskapsdiere en omgewing, in ag neem, behoort gevolg te word.

## **8.4. DIENSTERREINE IN MAATSKAPLIKE WERK BETROKKE BY MENS-DIERINTERAKSIE: HOOFSTUK 3**

### **8.4.1. SAMEVATTING**

Geselskapsdiere lewer 'n unieke bydrae tot die bevordering van die lewenskwaliteit van mense, en dus gesonde maatskaplike funksionering. Positiewe mens-dierinteraksie het sowel terapeutiese- as ontwikkelingswaarde ten opsigte van rehabilitasie, voorkoming en verryking.

Geselskapsdiere in gesinsverband word geassosieer met gesinsgehegtheid, humor en gesinsaktiwiteite. Vir bejaarde persone kan positiewe mens-dierinteraksie selfversorging en veiligheid bevorder, eensaamheid en verveeldheid verlig, en fisiese oefening en sosiale interaksie stimuleer. Geselskapsdiere speel 'n belangrike rol in die kognitiewe-, emosionele-, sosiale- en psigiese ontwikkelingsproses van die kind.

Mens-dierinteraksieprogramme in die diensterrein van korrektiewe dienste en substansafhanklikheid, is bekend vir die rehabilitasiewaarde wat positiewe interaksie inhou as gevolg van die nie-veroordelende en nie-bedreigende houding van geselskapsdiere. Hierdie eienskappe, tesame met geselskapsdiere se vermoë om spontaan kontak te maak, liefde en bewondering te wys, te beskerm en fisies hulp te verleen, is maar enkele van die voordele van positiewe mens-dierinteraksie vir persone met fisiese-gestremdhede.

Geselskapsdierbesoekprogramme aan versorgingsinrigtings en hospitale is van die mees bekende toepassings van mens–dierinteraksie. Die gesondheidsvoordele van positiewe interaksie dra nie alleen by tot die herstelproses van pasiënte nie, maar ook algemene gemoedstoestand. Geselskapsdiere se vermoë om depressie en spanning se verlig, sosiale interaksie te bevorder en eensaamheid te verlig, is enkele voorbeelde van die rol van positiewe interaksie in die bevordering van geestesgesondheid.

Die rol van geselskapsdiere in arm gemeenskappe, word dikwels oor die hoof gesien as gevolg daarvan dat die maatskaplike werker fokus op die fisiese behoeftes van hierdie teikengroep. Die emosionele waarde van positiewe interaksie met geselskapsdiere speel egter hier 'n belangrike rol.

#### 8.4.2. GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings wat gemaak kan word ten opsigte van die rol van Maatskaplike Werk in die bevordering van die studieveld, is as volg:

- ☛ Die maatskaplikewerkberoep se perspektiewe op hulpverlening word verbreed deurdat die mens in sy verhouding tot sy omgewing groter gewig begin dra. Ons kan hier tereg praat van 'environmental social work'. Die mens ervaar lewenskwaliteit nie meer alleen in sy verhouding tot ander mense nie, maar ook in sy verhouding tot die groter omgewing. Omgewing omvat veel meer as die gemeenskapsisteem, en sluit ook die natuurlike omgewing en tegnologiese omgewing in. Positiewe mens–dierinteraksie is 'n belangrike komponent van die mens in sy natuurlike omgewing.
- ☛ Geselskapsdiere is nie alleen die mens se kontak met die natuur nie, maar bied ook stabiliteit in 'n veranderende lewensomgewing, en geleentheid tot uitgebreide en alternatiewe verhoudings. Die mens ervaar nie meer alleen sin in die kerngesin nie, maar in 'n *netwerk van sinvolle verhoudings* wat hom in staat stel om ten volle te leef. Hierdie verhoudings kan met ander mense, met diere, met die natuur, met 'n Opperwese of selfs met iets, soos die rekenaar, wees.
- ☛ Die maatskaplike werker moet bewus wees van die waarde van die verhouding wat daar tussen mense en geselskapsdiere kan bestaan. As geselskapsdiere vir die bejaarde persoon 'n doel gee om te leef en eensaamheid verlig; vir die alleenkind 'n maat is; vir die uitgestotes in die gemeenskap aanvaarding bied; vir die sterwende persoon

nabyheid verleen; vir kinderlose persone die geleentheid tot versorging en die gee van liefde bied; die gestremde persoon bemagtig; die chroniese siek pasiënt 'n kort rukkie afleiding van pyn bied; die isolasie van die geestesgestremde persoon verbreek, angs en spanning verminder; vertroosting bied in tye van rou; vir die persoon in die gevangenis nuwe geleenthede bied; en vir die arm, daklose mens iets gee om voor te leef; hoe kan hierdie verhouding dan ongesiens verbygaan?

- ☛ Die maatskaplike werker kan 'n sentrale rol speel om multidisiplinêre samewerking in die bevordering van die studieveld te stimuleer, deur as fasiliteerder in die proses toe te tree. Enkele voorbeelde word vervolgens genoem: Saam met die filosoof, teoloog en antropoloog, kan die maatskaplike werker ondersoek instel na die intrinsieke waarde en betekenis wat aan die mens–dierband in verskillende kultuur- en geloofsgroepe geheg word. Hierdie inligting is van kardinale belang om die toepaslikheid en uitvoerbaarheid van mens–dierinteraksieprogramme vir spesifieke teikengroepe te bepaal.
- ☛ In die rehabilitasieprogram van gestremde persone is dit belangrik dat die maatskaplike werker, arbeidsterapeut, fisioterapeut en kommunikasiepatoloog sal saamwerk aan 'n gesamentlike doel. Die maatskaplike werker kan in hierdie geval die rol van 'n geselskapsdier as 'betekenisvolle ander' in die kliëntsisteem bepaal en aanbevelings dienooreenkomstig maak.
- ☛ In samewerking met die sielkundige of psigiater kan die maatskaplike werker, in die behandelingsprogram vir persone met byvoorbeeld depressie of verhoudingsprobleme, geselskapsdiere benut om sosiale interaksie te bevorder, isolasie te verbreek en realiteitsoriëntering te bied.
- ☛ In hulpverlening aan bejaarde persone, en ander wat afhanklik is van hoëdigtheidsbehuising, kan die maatskaplike werker, in samewerking met stads- en streekbeplanners, argitekte en ontwikkelaars, toesien dat behuising so beplan en ontwerp word dat voorsiening vir mens–dierinteraksie gemaak kan word.
- ☛ Saam met die arbeidsterapeut en verpleegkundige kan mens–dierinteraksieprogramme geïnisieer word om by bejaardes fisiese aktiwiteit te stimuleer, sosiale interaksie te bevorder en ontspanning te bied.

- ☛ Die maatskaplike werker, sielkundige, arbeidsterapeut en opvoedkundige kan in verskillende situasies saamwerk om met behulp van geselskapsdiere in die kind in nood se kognitiewe-, affektiewe- en sosiale behoeftes te voldoen.
- ☛ In geval van gesinsgeweld, sal kennis van die korrelasie tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere vir die maatskaplike werker, regs persoon, veearts en geneeskundige van belang wees in die assesseringsproses.
- ☛ Samewerking tussen die veearts en maatskaplike werker is ook belangrik in die hantering van die verlies van 'n geselskapsdier.
- ☛ Vir die geneeskundige-maatskaplikewerker is kennis van die fisiologiese prosesse, en dus geneeskundige waarde wat positiewe mens–dierinteraksie meebring, nodig om die res van die gesondheidspan bewus te maak van die rol van geselskapsdiere in die herstelproses van die pasiënt.
- ☛ Die maatskaplike werker is voorts afhanklik van die sosioloog, kriminoloog en omgewingsielkundige om maatskaplike tendense in die samelewing uit te wys met die oog op voorkomingsprogramme.
- ☛ Verskillende modelle vir die implementering van mens–dierinteraksieprogramme kan uit die literatuurnavorsing afgelei word, naamlik:
  - Besoekprogramme: besoeke aan inrigtings, groepe of individue met 'n spesifieke doel, byvoorbeeld die bevordering van sosiale interaksie, realiteitsoriëntering, ontspanning, kognitiewe stimulasie, emosionele ondersteuning, geleentheid tot fisiese kontak of stimulering van fisiese oefening.
  - Diergefasiliteerde-terapie: die doelgerigte gebruik van geselskapsdiere as deel van 'n spesifieke terapeutiese intervensieprogram om byvoorbeeld as brug tussen terapeut en kliënt/pasiënt te dien, kommunikasie te stimuleer, katarsis te bewerkstellig, aandag af te lei, aanvaarbare gedrag te modelleer, verhoudingsvaardighede aan te leer, nie-bedreigende fisiese kontak en emosionele ondersteuning te bied.
  - Inwonende diere: geselskapsdiere wat op meer permanente basis teenwoordig is in die sisteem en deel uitmaak van die rehabilitasieproses (byvoorbeeld in die gevangenis). Die geselskapsdierprogram word doelbewus aangewend vir byvoorbeeld die aanleer van vaardighede, ontwikkeling van verantwoordelikheid, opbou van nie-veroordelende verhoudings, aanleer van respek vir ander, opbou van selfrespek en eiewaarde.



- Dienshonde: gidshonde vir blindes, seinhonde vir gehoorgestremdes, bystandshonde vir persone met fisiese gestremdhede en outistiese kinders, en 'seizure alert' honde vir persone met epilepsi.
- Persoonlike eienaarskap: geselskapsdiere as deel van die gesinsisteem of by 'n enkelpersoon, en wat 'n spesifieke terapeutiese waarde het byvoorbeeld om eensaamheid te verlig, fisiese- en emosionele ondersteuning te bied, depressie teen te werk, angs en spanning te verlig, te beskerm, sosiale interaksie te bevorder, of om gesondheid te bevorder en in stand te hou.

### 8.4.3. AANBEVELINGS

Enkele wyses waarop die maatskaplike werker kan meehelp om die studieveld van mens–dierinteraksie te bevorder is die volgende:

- ✔ Erken die belangrikheid van 'n netwerk van sinvolle verhoudings in die bevordering van lewenskwaliteit, en dus gesonde maatskaplike funksionering van mense.
- ✔ Neem kennis van die spesifieke rol en waarde van positiewe mens–dierinteraksie vir die gesonde maatskaplike funksionering van verskillende teikengroepe.
- ✔ Sluit geselskapsdiere as moontlike 'betekenisvolle ander' in tydens intervensieprogramme.
- ✔ Maak ander lede van die multidisiplinêre span bewus van die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van geselskapsdiere.
- ✔ Erken die rol van geselskapsdiere as 'n volledige deel van die gesinsisteem waar 'n positiewe mens–dierband bestaan.
- ✔ Assesseer die waarde wat die teenwoordigheid van 'n geselskapsdier vir 'n spesifieke teikengroep of -persoon het.
- ✔ Neem kennis van die gevoelens van die persoon wat die verlies van 'n geselskapsdier beleef en verleen hulp waar nodig.

- ❖ Hou die verband wat daar tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere bestaan in ag tydens die ondersoek van sake wat in dié verband aangemeld word.
- ❖ Ontwikkel kennis en vaardighede in die implementering van mens–dierinteraksieprogramme.
- ❖ Beding vir toegang tot hospitale, klinieke en ander versorgingsinrigtings waar mens–dierinteraksieprogramme geïmplementeer kan word.
- ❖ Beding namens bejaarde persone vir die verantwoordelike aanhou van geselskapsdiere in aftree-oorde en ander versorgingsplekke vir bejaardes.
- ❖ Neem die leiding in die implementering van mens–dierinteraksieprogramme in gevangnisse en reabilitasiesentrums.

Die volgende beginsels moet egter gehandhaaf word:

- ❖ Individualisering ten opsigte van die waarde van geselskapsdiere vir verskillende teikengroepe, -persone en -gemeenskappe.
- ❖ Respekteer die reg van individue, groepe en gemeenskappe om self te besluit tot watter mate hul betrokke wil raak by hierdie vorm van intervensie.
- ❖ Neem verskille in sosiale-, emosionele- en fisiese funksionering van mense, en dus hul vermoë om 'n positiewe band met geselskapsdiere te vorm en in stand te hou, altyd in ag.
- ❖ Respekteer en erken verskille in kulturele waardes en houdings ten opsigte van geselskapsdiere.
- ❖ Doen deeglike voorbereiding, beplanning, implementering en deurlopende evaluering van mens–dierinteraksieprogramme waar van toepassing.
- ❖ Werk ten alle tye in multidisziplinêre spanverband.
- ❖ Doen die korrekte passing tussen die behoeftes en gedrag van verskillende teikengroep, en die behoeftes en gedrag van verskillende geselskapsdiere.

- Onderneem etiese en verantwoordlike optrede teenoor sowel die mense as die diere in die proses van implementering.

## **8.5. MULTIDISCIPLINÊRE SAMEWERKING TER BEVORDERING VAN DIE STUDIEVELD: HOOFSTUK 4**

### **8.5.1. SAMEVATTING**

Dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie as studieveld kan, teoreties gesproke, in verskillende kategorieë verdeel word, naamlik: dissiplines betrokke by die fundamentele uitgangspunte tot die mens–dierband, dissiplines direk betrokke by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme, dissiplines indirek betrokke (met ander woorde in 'n raadgewende hoedanigheid), en dissiplines betrokke by die bevordering van 'n positiewe beeld van die studieveld. In praktyk sal die aard van betrokkenheid egter afhang van die tipe projek of program wat geïmplementeer word.

Multidisiplinêre samewerking kan vanuit 'n sisteemperspektief benader word waarbinne dissiplines en subdissiplines (subsisteme) in dinamiese interaksie verkeer ter bereiking van 'n spesifieke doel, naamlik: die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie in praktyk. Die aard en omvang van samewerking tussen dissiplines word beïnvloed deur die kennis en houdings van die individue betrokke by die studieveld.

Multidisiplinêre samewerking hou sowel voor- as nadele in. Indien die dilemmas van multidisiplinêre samewerking as geleenthede hergeformuleer word, kan sowel die studieveld as sodanig, as die dissiplines daarby betrokke, baat vind. Die sinergistiese effek van multidisiplinêre samewerking word dus beklemtoon.

Die gebrek aan 'n spesifieke model of riglyne vir implementering strem multidisiplinêre samewerking. 'n Basiese riglyn vir die implementering van 'n mens–dierinteraksieprogram, asook beginsels of vertrekpunte vir samewerking, word vanuit die literatuur voorgestel.

### 8.5.2. GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings word in dié verband gemaak:

- ☛ Mens–dierinteraksie is 'n multidisiplinêre studieveld wat die tradisionele grens tussen die sosiale wetenskappe en natuurwetenskappe oorgesteek het.
- ☛ Sowel die toepassingswaarde, as die wetenskaplike ontwikkeling van die studieveld, word beperk indien dit slegs vanuit een of enkele dissiplines benader word.
- ☛ Teoreties kan die dissiplines betrokke in kategorieë verdeel word, maar die praktiese toepassing van so 'n kategorie-indeling is nie moontlik nie.
- ☛ Multidisiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld moet vanuit die sisteembenadering beskou word, waar elk van die geïdentifiseerde dissiplines as sisteem, bestaande uit subsysteme (subdissiplines), in dinamiese interaksie met mekaar verkeer.
- ☛ Die aard en omvang van interaksie of samewerking sal bepaal word deur die doel wat bereik wil word en die eienskappe van die breër sisteem, of makro-omgewing, waarbinne 'n mens–dierinteraksieprogram of -projek geïmplementeer word.
- ☛ Die volgende beginsels, ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in die studieveld, is vanuit die literatuur afgelei:
  - Elke dissipline se betrokkenheid by mens–dierinteraksie moet duidelik omskryf wees.
  - Persone betrokke moet op hoogte wees van al die ander dissiplines se rol by mens–dierinteraksie.
  - Almal moet dieselfde doel nastreef.
  - Ooreenstemming moet bestaan oor die proses wat gevolg behoort te word om dié doel te bereik.
  - Realistiese verwagtings ten opsigte van die voordele asook die dilemmas van samewerking moet bestaan.
- ☛ Die volgende faktore lewer egter ook 'n belangrike bydrae tot die bevordering van die studieveld:
  - Die bestaan en aktiewe funksionering van multidisiplinêre verenigings vir mens–dierinteraksie.

- Multidisiplinêre byeenkomste soos konferensies en seminare.
  - Gesamentlike navorsing in die studieveld.
  - Multidisiplinêre praktykprogramme en -projekte.
  - Multidisiplinêre publikasies.
- ☛ Alhoewel multidisiplinêre samewerking baie voordele inhou, nie alleen vir die ontwikkeling van die studieveld nie, maar ook vir elke dissipline betrokke, moet die nadele of dilemmas van samewerking ook mee rekening gehou word.
- ☛ Een van die redes vir 'n gebrek aan multidisiplinêre samewerking in die praktyk, het te make met die gebrek aan riglyne vir implementering. Hierdie behoefte word aangespreek deur 'n voorgestelde model waarin die proses van implementering in vier fases, elk met spesifieke aksiestappe, verdeel word.
- ☛ Dit blyk dat die maatskaplike werker vanweë sy/haar vaardighede in verhoudingsbou, identifisering en mobilisering van hulpbronne, kennis van die behoeftes van verskillende teikengroepe, en verskeidenheid metodes en vorme van hulpverlening, by uitstek geskik is om as fasiliteerder in die proses van multidisiplinêre samewerking toe te tree.

### 8.5.3. AANBEVELINGS

Met betrekking tot multidisiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld, word die volgende aanbevelings gemaak:

- ☛ Multidisiplinêre navorsing, wat spesifieke behoeftes aanspreek, byvoorbeeld: die rol van die multidisiplinêre span in terapeutiese perdry, multidisiplinêre bydraes tot die bevordering van verantwoordelike geselskapsdierereienaarskap, 'n multidisiplinêre benadering tot die bestuur van geselskapsdiere in stedelike gebiede, moet aangemoedig word.
- ☛ Wetenskaplike publikasies, voortspruitend uit navorsing, moet aangemoedig word.
- ☛ Resultate van navorsing moet op 'n verstaanbare wyse aan die publiek gekommunikeer en by opleiding geïntegreer word.
- ☛ Navorsingsfondse vir multidisiplinêre navorsing behoort groter prioriteit te kry.

- ☛ Multidisiplinêre mens–dierinteraksieprogramme en -projekte behoort veral in inrigtingsverband aangemoedig te word.
- ☛ Handleidings, wat riglyne vir implementering uitspel, moet beskikbaar gestel word.
- ☛ Multidisiplinêre opleidingsgeleenthede moet, op voorgraadse, nagraadse en informele vlak, geskep word.
- ☛ Internasionale multidisiplinêre wetenskaplike byeenkomste moet gereël word waardeur opleiding en navorsing gestimuleer word.
- ☛ Verenigings wat positiewe mens–dierinteraksie as hul missie stel, moet multidisiplinêr verteenwoordig wees.
- ☛ Samewerking tussen mens–dierinteraksieverenigings, opleidingsinstansies en individue betrokke by die studieveld, moet plaasvind.

## **8.6. DIE ONTWIKKELING VAN MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE STUDIEVELD: HOOFSTUK 5**

### **8.6.1 SAMEVATTING**

Die ontwikkeling van 'n studieveld is 'n langsame, maar dinamiese proses wat nooit 'n punt bereik waar dit as afgehandel beskou kan word nie. Mens–dierinteraksie as studieveld het sedert die laat sewentigerjare, danksy navorsing en publikasies, internasionaal vinnig ontwikkel. Rolspelers op die gebied van wetenskapsontwikkeling in die studieveld mens–dierinteraksie verteenwoordig verskillende dissiplines. Die multidisiplinêre aard van die studieveld het dus reeds vroeg in die proses duidelik geword.

Die kriteria vir die selfstandigheid van 'n studieveld word gestel as: die bestaan en funksionering van wetenskaplike verenigings; internasionale, wetenskaplike byeenkomste; geakkrediteerde tydskrifte; akademiese onderrig- en opleiding; en die aard en omvang van navorsing.

## 8.6.2 GEVOLGTREKKINGS

Ten opsigte van die ontwikkeling van die studieveld mens–dierinteraksie word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- ☛ Gemeet aan die kriteria vir selfstandigheid blyk dit, reeds vanuit die literatuurnavorsing, dat mens–dierinteraksie as studieveld die toets vir selfstandigheid slaag.
- ☛ Alhoewel die studieveld reeds tot 'n groot mate aan die kriteria vir selfstandigheid voldoen, is die proses van wetenskapsontwikkeling dinamies en vind dus steeds plaas.
- ☛ 'n Wetenskap ontwikkel nie in isolasie nie, maar word beïnvloed deur eksterne faktore soos die ekonomie, die sosiale- en politieke omgewings.
- ☛ Die multidisiplinêre aard van mens–dierinteraksie as studieveld het 'n belangrike bydrae gelewer tot die ontwikkeling daarvan.
- ☛ Die waarde van die mens–dierband is nie afhanklik van die bewys van selfstandigheid van die studieveld nie.
- ☛ Ten minste 47 internasionale organisasies, wat positiewe mens–dierinteraksie ten doel stel, is vanuit die literatuur geïdentifiseer. Die meeste van hierdie organisasies word multidisiplinêr verteenwoordig, en een derde daarvan is verbonde aan 'n tersiêre akademiese instelling.
- ☛ In die tydperk 1980 – 2001 is nege Wêreldkongresse, wat uitsluitlik op mens–dierinteraksies gefokus het gehou, wat die internasionale wetenskaplike erkenning van die studieveld beklemtoon.
- ☛ Die geakkrediteerde tydskrif, *Anthrozoös*, is die wetenskaplike publikasie wat tot dusver die belangrikste bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld gelewer het, maar soveel as 43 ander wetenskaplike publikasies is geïdentifiseer waarin artikels oor die studieveld verskyn het. Die multidisiplinêre aard van die studieveld word hierdeur bevestig.
- ☛ Akademiese onderrig en navorsing is onderling afhanklik van mekaar en word tot 'n groot mate bepaal deur individuele betrokkenheid by die studieveld.

- Die multidissiplinêre kurrikulumontwikkeling in die studieveld is afhanklik van 'n duidelike visie van wat bereik wil word, 'n ooreenstemmende konseptuele raamwerk en minimum standaarde met betrekking tot opleiding.
- Die waarde van positiewe mens–dierinteraksie word deur navorsing ondersteun, alhoewel sekere leemtes op die gebied van navorsingsbefondsing, steekproefgroottes, beperkte teikengroepe en die invloed van eksterne faktore uitgewys is.
- Multidissiplinêre opleidingsprogramme sal multidissiplinêre navorsing stimuleer. Wetenskaplike publikasies is op hul beurt afhanklik van navorsing. Die interafhanklikheid van hierdie drie komponente moet erken word alvorens die proses van ontwikkeling sal versnel.

### 8.6.3 AANBEVELINGS

Die aanbevelings wat gemaak word ten opsigte van die proses van ontwikkeling in die studieveld stem tot 'n groot mate ooreen met die aanbevelings soos gestel vir Hoofstuk 4, aangesien multidissiplinêre samewerking die ontwikkeling van die studieveld bevorder. Addisioneel tot bogenoemde aanbevelings, word die volgende gestel:

- Die vyf kriteria vir die selfstandigheid van 'n studieveld, soos deur die literatuur uitgewys, moet heroorweeg word, gesien in die lig van die multidissiplinêre aard van mens–dierinteraksie as studieveld, asook die belangrike bydrae wat praktykprogramme en -projekte in die ontwikkelingsproses speel.

## 8.7 EMPIRIESE ONDERSOEK: HOOFSTUK 6

### 8.7.1 SAMEVATTING

Die empiriese ondersoek het bestaan uit 45 persoonlike onderhoude wat gevoer is met doelgerigte- en sneeubalgekose respondente. Respondente het aan ses gestelde kriteria vir deelname aan die ondersoek voldoen, en was verteenwoordigend van die geïdentifiseerde dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie. Elke respondent is die geleentheid gebied om sy/haar dissipline se betrokkenheid by die studieveld te omskryf en in een van vier voorgestelde kategorieë te plaas.



Om vas te stel tot watter mate respondente kennis dra van ander dissiplines betrokke by die studieveld, is geleentheid gegee om uit 'n voorgestelde lys van dissiplines te kies. Die oorgrootte meerderheid het al die ander dissiplines se rol by die studieveld erken. Opvoedkunde, Veeartsenykunde, Bemaking, Publieke Gesondheid, Sielkunde, Kuns en Psigiatrie het die hoogste tellings behaal. Geleentheid is gegee om die lys van geïdentifiseerde dissiplines verder uit te brei, en nog 14 dissiplines is tot die lys gevoeg.

Die rol van die maatskaplike werker is hoofsaaklik deur middel van voorbeelde omskryf, en kan in die volgende vyf hoofgroepe verdeel word, naamlik die doel met maatskaplikewerk-intervensie, die rolle van die maatskaplike werker, teikengroepe in Maatskaplike Werk, behoeftes van mense, en benaderings tot hulpverlening.

Om die omvang van multidissiplinêre samewerking in die studieveld te bepaal, het respondente aangetoon met watter van die geïdentifiseerde dissiplines hulle al saamgewerk het. Beginsels of vertrekpunte vir multidissiplinêre samewerking is getoets deurdat elf beginsels voorgehou is waaruit 'n keuse van vyf gemaak moes word. Hierdie keuse is voorts geprioritiseer. Die nastrewing van 'n gesamentlike doel is as belangrikste prioriteit uitgelig. Die meerderheid is van mening dat mens-dierinteraksie as selfstandige *multidissiplinêre* studieveld gereken behoort te word.

Meer as die helfte van die respondente is van mening dat die studieveld aan die vyf voorgestelde kriteria vir selfstandigheid voldoen. Twee addisionele kriteria is tot die lys gevoeg.

### 8.7.2 GEVOLGTREKKINGS

- ☛ Meer as die helfte van die respondente voldoen aan drie of meer van die ses kriteria vir deelname aan die ondersoek, wat daarop dui dat die keuse van respondente geskik was om die doel van die ondersoek te bereik.
- ☛ Die kriteria vir betrokkenheid wat die hoogste telling behaal het, is lidmaatskap aan verenigings, praktykprogramme en opleiding. Hierdie drie aktiwiteite kan dus met vrug gebruik word om multidissiplinêre samewerking in die studieveld te bevorder.

- ❖ Minder as die helfte van die respondente het al navorsing gedoen of gepubliseer oor die onderwerp. Navorsing vorm die basis van opleiding, praktykprogramme, wetenskaplike byeenkomste en publikasies. Indien multidisiplinêre navorsing dus gestimuleer word, sal die proses van ontwikkeling van die studieveld meer momentum kry.
- ❖ Die wyse waarop respondente hul dissiplines se betrokkenheid by mens–dierinteraksie omskryf, stem tot 'n baie groot mate ooreen met hoe die navorser dit vanuit die literatuurnavorsing geïdentifiseer en omskryf het. Hierdie data kan dus as riglyn vir die omskrywing van die multidisiplinêre aard van die studieveld gebruik word. Multidisiplinêre samewerking kan hierdeur gestimuleer word.
- ❖ Respondente het dit moeilik gevind om hul dissipline se betrokkenheid by die studieveld in een van die voorgestelde kategorieë te plaas, omdat die studieveld nog nie spesifiek binne elke dissipline gedefiniëer is nie en omdat die grense tussen dissiplines nie geslote is nie.
- ❖ Al 23 dissiplines wat deur die navorser geïdentifiseer is, is ook deur die oorgrote meerderheid respondente erken. Daar is nie 'n ooglopende verskil in die mate waarin elk erkenning verkry het nie, wat daarop dui dat al die dissiplines 'n ewe belangrike rol speel in die ontwikkeling van die studieveld.
- ❖ Die 14 dissiplines wat addisioneel tot die lys gevoeg is, behoort verder ondersoek te word.
- ❖ Die volledige omskrywing van die aard en omvang van Maatskaplike Werk se betrokkenheid by die studieveld, kan gebruik word as riglyn vir die opleiding van maatskaplike werkers in die studieveld.
- ❖ Ten spyte van die feit dat al die geïdentifiseerde dissiplines se betrokkenheid by die studieveld erken is, is die omvang van multidisiplinêre samewerking beperk. Samewerking tussen dissiplines hou dus nie noodwendig verband met die waarde wat daar aan die rol van 'n dissipline in die studieveld geheg word nie.
- ❖ Een van die redes vir beperkte multidisiplinêre samewerking kan wees omdat daar nie duidelikheid bestaan oor die aard en omvang van almal se betrokkenheid nie.

- ☛ Multidisiplinêre samewerking is afhanklik van individue wat doelbewus en onbedreigd na mekaar uitreik, omdat hulle die sinergistiese effek van samewerking insien en tot voordeel van die kliënt of verbruiker wil benut.
- ☛ Die vyf beginsels wat as prioriteit vir multidisiplinêre samewerking uitgelig is, kan as riglyn of vertrekpunt gebruik word om multidisiplinêre samewerking in praktyk te stimuleer.
- ☛ Die selfstandige, multidisiplinêre aard van die studieveld is deur die meeste respondente erken, en kan aan die gestelde kriteria vir selfstandigheid, naamlik navorsing, opleiding, publikasies, byeenkomste en verenigings gemeet word. Twee addisionele kriteria, naamlik multidisiplinêre samewerking en deelname aan praktykprogramme behoort tot die lys gevoeg te word.

### 8.7.3 AANBEVELINGS

- ☛ Die bevordering van positiewe interaksie tussen mense en diere op alle vlakke van die samelewing, en gerig op alle teikengroepe, behoort die oogmerk van multidisiplinêre samewerking in die studieveld te wees. Almal betrokke by die saak behoort dieselfde visie na te streef.
- ☛ Alhoewel die omskrywing van dissiplines se betrokkenheid in hierdie studie as vertrekpunt gebruik kan word, behoort daar binne elk van die dissiplines meer uitgebreide beskrywende navorsing in dié verband onderneem te word, sodat 'n baie meer spesifieke beeld van die aard en omvang van betrokkenheid verkry kan word.
- ☛ Verenigings ter bevordering van mens–dierinteraksie, praktykprogramme en opleidingsprogramme moet as vertrekpunt vir die bevordering van multidisiplinêre samewerking gebruik word.
- ☛ Dosente aan tersiêre inrigtings in die geïdentifiseerde dissiplines moet aangemoedig word om by die studieveld betrokke te raak deur byvoorbeeld akademiese gespreksforums en seminare te organiseer en by te woon.
- ☛ Multidisiplinêre navorsingsgeleenthede en -temas oor mens–dierinteraksie moet aan nagraadse studente in al die geïdentifiseerde dissiplines bekend gestel word.

- ☛ Die 14 addisionele dissiplines wat deur respondente geïdentifiseer is, behoort by 'n soortgelyke ondersoek as hierdie betrek te word om vas te stel of hulle wel tot die lys van dissiplines gevoeg kan word.
- ☛ Die omskrywing van die aard en omvang van Maatskaplike Werk se betrokkenheid by die studieveld, kan as riglyn vir deelname aan praktykprogramme aan sowel studente as praktiserende maatskaplike werkers dien.
- ☛ Mens–dierinteraksie as studieveld moet ook op voorgraadse vlak aan maatskaplikewerk-studente bekend gestel word.
- ☛ Die onderhoudskedule kan aangepas word met die doel om die ondersoek te herhaal met internasionale proefpersone betrokke in die studieveld. Die onderhoudskedule kan per e-pos voltooi word.
- ☛ 'n Ondersoek kan geloods word om die aard en omvang van bestaande multidisiplinêre samewerking vas te stel, aangesien hierdie studie net samewerking al dan nie, bepaal het.
- ☛ Soortgelyke navorsing kan na verloop van twee jaar onderneem word om vas te stel of die omvang van multidisiplinêre samewerking in die studieveld toegeneem het.

## **8.8 VOORGESTELDE STRATEGIE TER BEVORDERING VAN MENS– DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE MULTIDISSIPLINÊRE STUDIEVELD: HOOFSTUK 7**

### **8.8.1 SAMEVATTING**

Die doel met Hoofstuk 7 is om vanuit die empiriese gegewens 'n werkbare strategie ter bevordering van die studieveld in Suid-Afrika voor te stel. Doelstellings en aksiestappe is op die model van 'n bemarkingsresep, bestaande uit sewe besluitnemingsareas, gebaseer. Die sewe besluitnemingsareas is: produkbesluite, prysbesluite, plekbesluite, promosiebesluite, personeelbesluite, prosesbesluite en presentasiebesluite. Omgewingsfaktore wat hierdie besluite kan beïnvloed is geïdentifiseer. Die voorgestelde

strategie is 'n unieke kombinasie van al die elemente in die bemarkingsresep, met in agneming van sowel die omgewingsfaktore as die teikengroepe ter sprake.

### 8.8.2 GEVOLGTREKKINGS

Met betrekking tot die voorgestelde strategie ter bevordering van die studieveld, word die volgende gevolgtrekkings saamgevat:

- ☛ Die daarstelling van 'n strategie is afhanklik van uitgebreide navorsing oor die onderwerp, en kan eers saamgestel word as voldoende inligting oor die sterkpunte, leemtes, geleenthede en bedreigings van die sisteem bekend is.
- ☛ 'n Strategie is dinamies en kan daarom slegs as riglyn vir implementering dien. Omgewingsfaktore verander voortdurend en die strategiese plan moet dienoreenkomstig aangepas word.
- ☛ Vir die studieveld mens–dierinteraksie om as selfstandige multidisiplinêre studieveld te ontwikkel, moet al die rolspelers dieselfde visie deel en tot 'n groot mate ooreenstem oor die proses wat daarvoor gevolg moet word.
- ☛ Die bemarkingsresep, soos van toepassing op bemarking van dienste, bied 'n praktiese en werkbare raamwerk vir die daarstelling van 'n strategiese plan.

### 8.8.3. AANBEVELINGS

Om 'n werkbare strategie daar te stel, word aanbevelings aan die hand van die sewe besluitnemingsareas, soos afgelei uit die bemarkingsresep, voorgehou:

- ☛ Positiewe interaksie tussen mense en diere moet bevorder word deur die fasilitering van multidisiplinêre programme en -projekte wat die behoeftes van spesifieke teikengroepe in die mark bevredig.
- ☛ Prysbesluite moet geneem word wat as riglyn vir organiseerders van praktykprogramme, opleidingsprogramme en navorsingsprojekte kan dien.

- ☛ 'n Multidisiplinêre instituut of sentrum moet daargestel word vanwaar alle aksies ter bevordering van positiewe mens–dierinteraksie beplan, georganiseer, gekoördineer en geëvalueer word.
- ☛ Die waarde van positiewe interaksie en die werksaamhede van die instituut/sentrum moet deur middel van persoonlike kontak, publisiteit, gedrukte promosiemateriaal en die internet aan die onderskeie teikengroepe bekend gestel word.
- ☛ Rolspelers vanuit die onderskeie dissiplines moet byeengebring word in gespreksforums, opleidingsgeleenthede, multidisiplinêre verenigings en -navorsing.
- ☛ Riglyne vir die implementering van mens–dierinteraksieprogramme, moet beskikbaar gestel word, asook 'n toeganklike en verbruikersvriendelike sisteem van kontak en verwysing oor beskikbare dienste in die veld.
- ☛ Minimum standaarde vir opleiding- en praktykprogramme moet beskikbaar wees, en rolspelers in die veld moet ten alle tye 'n professionele beeld van die studieveld en werksaamhede van die instituut/sentrum uitdra.

## 8.9 TOETSING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 8.9.1 DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek was om die aard en omvang van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld binne multidisiplinêre verband vas te stel, en om na aanleiding daarvan 'n strategie voor te stel om sodoende die studieveld in Suid - Afrika te bevorder.

**Die navorser het in hierdie doel geslaag. Voldoende inligting is versamel om sowel die multidisiplinêre aard, as die selfstandigheid van die studieveld uit te ken, en om daaruit 'n werkbare strategie ter bevordering van die studieveld voor te lê.**

## 8.9.2 DOELWITTE

### 8.9.2.1 Doelwit 1

Om die onderskeie dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie te identifiseer en die aard van elk se betrokkenheid te omskryf, om daardeur te bepaal of mens–dierinteraksie wel 'n multidisiplinêre studieveld is.

Drie en twintig dissiplines is geïdentifiseer wat direk betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie is. Die aard en omvang van al 23 dissiplines se betrokkenheid is volledig omskryf. Die stelling dat mens–dierinteraksie 'n multidisiplinêre studieveld is, word hierdeur bevestig.

### 8.9.2.2 Doelwit 2

Om die verskillende diensterreine in maatskaplike werk, waarby mens–dierinteraksie betrokke is, te identifiseer en daardeur die rol wat die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span kan speel, te illustreer.

Nege diensterreine in Maatskaplike Werk is geïdentifiseer waarin positiewe interaksie die lewenskwaliteit van mense kan bevorder, en dus 'n terapeutiese- en/of ontwikkelingswaarde het. Die belangrikste rol van die maatskaplike werker is geïdentifiseer as fasiliteerder van praktykprogramme en-projekte.

### 8.9.2.3 Doelwit 3

Om vertrepunte vir multidisiplinêre samewerking te bepaal wat as riglyne ter bevordering van die studieveld kan dien.

Multidisiplinêre samewerking is vanuit die sisteembenadering beskou. Vyf beginsels of vertrepunte ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in die studieveld is geïdentifiseer. Faktore wat multidisiplinêre samewerking strem en kan bevorder is ook uitgelig.

#### 8.9.2.4 Doelwit 4

Om te bepaal in watter mate die studieveld reeds aan die vereistes vir selfstandigheid voldoen sodat leemtes in die proses van ontwikkeling geïdentifiseer kan word.

Die studieveld is aan vyf kriteria vir selfstandigheid getoets en daar is bevind dat dit tot 'n groot mate die toets vir selfstandigheid slaag. Nog twee kriteria vir selfstandigheid is geïdentifiseer, en spesifieke aanbevelings ter bevordering van die selfstandige aard van die studieveld kon gemaak word.

#### 8.9.2.5 Doelwit 5

Om vanuit die gevolgtrekkings gemaak uit die empiriese- en literatuurdata, aanbevelings te maak en 'n spesifieke strategie voor te stel, wat mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika, sal bevorder.

'n Strategie ter bevordering van mens-dierinteraksie as multidisiplinêre selfstandige studieveld in Suid-Afrika, is aan die hand van 'n bemarkingsresep, bestaande uit sewe besluitnemingsareas, voorgestel.

Die doelstelling en doelwitte van hierdie ondersoek is dus bereik.

## 8.10 FORMULERING VAN HIPOTEESES

Aangesien hoofsaaklik van die verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak is, word hipoteses vir verdere navorsing vervolgens geformuleer:

- ☛ Indien multidisiplinêre opleiding, navorsing en praktykprogramme realiseer sal mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld ontwikkel.
- ☛ Indien multidisiplinêre gespreksforums en verenigings gevorm word, sal navorsing, opleiding en praktykprogramme gestimuleer word.
- ☛ Indien die aard en omvang van elk van die dissiplines se betrokkenheid by mens-dierinteraksie volledig omskryf word, sal individue binne elk van dissiplines meer aktief betrokke raak.



- Indien maatskaplike werkers in praktyk bewus gemaak word van die terapeutiese en ontwikkelingswaarde van positiewe mens–dierinteraksie, en opgelei word in die proses van implementering, sal hulle meer aktief tot die proses toetree.
- Indien 'n instituut of sentrum wat alle programme en projekte ter bevordering van positiewe mens–dierinteraksie in Suid-Afrika bestuur daargestel word, sal die proses van ontwikkeling meer momentum kry.

## 8.11 SLOTOPMERKINGS

Mens–dierinteraksie as selfstandige, multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika kan alleen bevorder word as al die rolspelers in die veld dieselfde doel, naamlik die bevordering van positiewe interaksie tussen mense en diere, nastreef. Multidisiplinêre navorsing, opleiding en praktykprogramme word as vertrekpunt vir ontwikkeling op die gebied gestel. 'n Instituut of sentrum ter bevordering van die studieveld, wat alle mens–dierinteraksieprogramme doelgerig beplan, organiseer, koördineer en evalueer word in vooruitsig gestel. 'n Strategie ter bereiking van hierdie doel word voorgehou. Voortgesette navorsing op die gebied sal bepaal of die strategie die gewenste uitkomst bereik het.